


***10 Maart 2026***

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

Ons is so dankbaar vir reën wat God gee. Ons is dankbaar dat almal gespaar is en veilig terug is van eerste kampe. Mag God se genade ook oor die naweek en volgende week se kampe/toere wees.

Ons leerders nader die einde van toetsreeks en ek glo elkeen het hul bes gedoen en die uitslag sal dit bevestig. Daar waar deurlopende assessering nog geskied, maak asseblief seker dat al jou punte in is, ook waar jy geleenthede gemis het. Kontroleer asseblief met u kind dat elke geleentheid benut is en alle punte in is.

Ons dank elkeen wat ons so positief ondersteun en kanale volg vir vinnige, spoedige en korrekte oplossings. Ons waardeer dat ons saam oplossings kan vind met navrae. Ons dank aan ons personeel wat doen wat verlang word van hulle en beslis baie ekstra doen wat ons as gemeenskap van hulle vra. Ons waardeer u elkeen.

Ons nader nou kultuurtyd wat afskop met redenaars onvoorbereid en voorbereid. Ons dank aan personeel vir Vrydag se opleiding in onvoorbereide redenaars. Ons glo dat ons die vrug sal pluk van opleiding en geleenthede wat volg.

Ons eerste wedstryde as die reën nie `n sê het nie, vind vandag plaas en ons glo leerders sien baie uit na wedstryde. Ons moet hierdie wedstryde benut om skuiwe te toets, sodat ons vir die liga gereed sal wees.

Ons dank weereens aan elke ouer/voog en borg wat so gehelp het dat ons met trots kan gaan toer en so netjies lyk op en af van die baan of veld. Leerders is so trots op hul nuwe drag en ek as hoof dank u elkeen uit my hart.

Mag hierdie week `n week van seën wees waar God u gebede verhoor.

C Blignaut
Hoof

